Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 SEPTEMBER 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek die Munisipale Bestuurder om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl M van Zyl en die Speaker, rdl M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 AUGUSTUS 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Augustus 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Augustus 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 SEPTEMBER 2018
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 SEPTEMBER 2018

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan

ITEM 6.1: TOESTAND VAN GEPLAVEIDE STRATE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED

BESLUIT [ter vervanging van die aanbeveling]

(a) Dat kennis geneem word van die 2017/2018 status quo verslag aangaande die toestand van geplaveide residenslële strate in die Swartland munisipale gebied;

(b) Dat die opname van alle strate in die Swartland munisipale gebied ingevolge die *Pavement Management Programme* bespoedig word vir begrotingsdoeleindes;

(c) Dat daar ingevolge die opname vasgestel word watter strate gereahabiliteer en watter strate herseel moet word vir oorweging tydens die 2019/2020 begrotingsproses.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 NOTULE VAN DIE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 29 MEI 2018 (5/15/1/3)

Die Prestasie en Risiko Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 29 Mei 2018 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van 'n Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 29 Mei 2018.

7.2/...

7.2 AANBEVELING VIR DIE HERSIENING VAN WETGEWING INSAKE WYKSKOMITEES EN PUBLIEKE DEELNAME (3/4/4/1)

'n Versoek is vanaf die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering: Afdeling Publieke Deelname ontvang om 'n konsultasieproses met wykskomitees te deurloop aangaande insette tot die moontlike wysiging van die Stelsels- en Strukture Wet.

Die insette ontvang vanaf wyksraadslede en –komiteelede is saamgevat in 'n verslag wat met die sakelys gesirkuleer is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die versoek vanaf die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering om 'n konsultasieproses te volg aangaande insette tot die moontlike wysigings aan die Stelsels- en Strukturewet;

(b) Dat verder kennis geneem word van die proses wat gevolg is om insette te verkry;

(c) Dat die aangehegte kommentaar insake die Hersiening van die Wetgewende Raamwerk vir Wykskomitees en Publieke Deelname goedgekeur word as die gesamentlike poging van rolspelers van die Swartland Munisipaliteit om aan die Departement van Plaaslike Regering deur te gee.

7.3 MENSLIKE HULPBRONBESTUURSPLAN VIR 2017-2022, HERSIENING VIR 2018 (2/B)

Die Menslike Hulpbronbestuursplan (HR-plan) vir 2017-2022 soos goedgekeur deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 24 Januarie 2018 moet jaarliks hersien word.

Die doel van die hersiening is om verslag te doen insake die vordering wat gemaak is met betrekking tot die implementering van die HR-plan. Verder, om aanpassings te maak waar verandering in interne en eksterne omstandighede die toepaslikheid van die HR-plan beïnvloed.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die 2018 hersiening van die Menslike Hulpbronne Plan (2017-2022) goedkeur.

7.4 IDENTIFISERING/GOEDKEURING VAN PERSEEL VIR NUWE HOSPITAAL, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

Na afloop van gesprekvoeringe met die Departement van Gesondheid en die Departement van Openbare Werke insake die identifisering van 'n perseel vir 'n nuwe hospitaal in Malmesbury, is bevestiging ontvang dat erf 7456, Malmesbury geskik sal wees.

Daar kan dus nou 'n aanvang geneem word met 'n konsultasieproses om die breë gemeenskap in te lig, en sal die verslag ook aan die eerskomende wykskomiteevergaderings voorgelê word.

BESLUIT

(a) Dat die voorgestelde perseel, d.i. Gedeele A (± 3.4 hektaar) van Erf 7456, Malmesbury (ingesluit verskeie ongeregistreerde residensiële erwe), soos aangetoon op Aanhangsel A tot hierdie verslag, deur die Munisipaliteit ondersteun/onderskryf word vir die toekomstige konstruksie van 'n 130 bed distrikshospitaal;

(b) Dat hierdie verslag aan die al die wykskomitees vir kommentaar/insette voorgelê word;

7.4/…

(c) Dat die Departement van Gesondheid se aandag daarop gevestig word dat die feit dat die Munisipaliteit behulpsaam is om inligting aan die wykskomitees beskikbaar te stel en insette te bekom tydens die grondgebruiksproses, nie die Departement van sy verantwoordelikheid onthef om self met die gemeenskap te konsulteer nie.

7.5 VERVREEMDING VAN ONROERENDE RESIDENSIëLE EIENDOMME GELEë TE GLEN LILY SUID, MALMESBURY (12/2/5/4-8/17)

Die verslag tot die sakelys bevat agtergrond insake die voorneme van die Raad om eiendomme in beide Glen Lily Noord en Glen Lily Suid te vervreem en die prosesse wat tot dusver gevolg is.

'n Inligtingsvergadering is op 7 Augustus 2018 deur 80 individue bygewoon waartydens voornemende eerste huiskopers ingelig is insake die ontwikkeling van Glen Lily Suid en versoek is om vir die veiling te registreer. Daar is 12 registrasies ontvang waarvan ses persone vir die veiling op Donderdag, 6 September 2018 opgedaag het.

BESLUIT

(a) Dat die volgende aanbiedinge aanvaar word en goedkeuring verleen word dat die kapitale bates (eiendomme) oorgedra mag word aan die partye soos aangetoon:

Koper	**Erf no.**	**Aanbod**
Thomas Rumboll	10641	R162 000,00
Ammaarah Abrahams	10642	R186 000,00
Zainab Abrahams	10643	R160 000,00
Neale Africa	10673	R164 000,00
Gerswin & Rosell Gail Morris	10718	R160 000,00
Lindon & Kim Ilse Feres	10717	R162 000,00
TOTALE OPBRENGS		**R994 000,00**

(b) Dat kennis geneem word dat die verkoopprys (1) grondwaarde, (2) oordragskostes, (3) die kostes van uitklaring asook (4) 15% BTW insluit;

(c) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gemagtig word om die Koopaanbiedinge (wat koopooreenkomste daarstel by aanvaarding deur die Munisipaliteit) te mag onderteken namens die Munisipaliteit;

(d) Dat 'n verdere publieke veiling gehou word om aanbiedinge in te win vir die 31 oorblywende erwe in Glen Lily Suid, en dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die prosesse te bepaal wat in hierdie verband gevolg moet word, sowel as die voorwaardes van verkoop.

7.6 TENDER L08.17.18: VERVREEMDING VAN RESIDENSIëLE ERWE TE MALMESBURY (12/2/B)

Die Raad het in April 2018 goedkeuring verleen vir die vervreemding van verskeie residensiële eiendomme wat al vir 'n geruime tyd vakant is. Daar is verder goedkeuring verleen om die reserwe prys van die betrokke eiendomme teen 70% van die munisipale waardasie te bereken in 'n poging om geleentheid aan eerste huiskopers in die sogenaamde "GAP" kategorie te gee om die eindomsmark te betree.

'n Mededingende proses by wyse van die uitnodiging van tenders is gevolg en monetêre aanbiedinge is op al die erwe ontvang vir oorweging.

BESLUIT

(a) Dat Tender L08.17.18 vir die Verkoop van Residensiële Eiendomme, soos volg toegeken word:

7.6/…

Erf nr	***3109***	***10388***	***10335***	***10354***	***10357***
Reserwe Prys	***R 136 150.00***	***R 89 250.00***	***R 102 900.00***	***R 87 850.00***	***R 87 500.00***
L Njengaye		R 150 000.00			
NC Shiceka			R 160 000.00		
N Mohamed	R 200 000.00				
T Nogqala				R 152 000.00	
N Mafenuka					R 135 000.00

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die erwe soos per voormelde skedule;

(c) Dat sou enige van die goedgekeurde transaksies nie realiseer nie, goedkeuring verleen word dat die volgende hoogste bod aanvaar mag word, totdat die transaksie suksesvol afghandel kan word;

(d) Dat goedkeuring verder verleen word dat indien bogemelde eiendomme onverkoop bly na afloop van die betrokke mededingende proses, dit uit-die-hand-uit op 'n 'first come first serve' basis verkoop mag word teen die reserwepryse soos voormeld, onderhewig daaraan dat die Munisipaliteit sy voorneme om die eiendomme vanaf 'n gegewe datum uit-die-hand-uit te verkoop, bekend sal maak, en met dien verstande dat die verkope van sodanige eiendomme beperk sal word tot hoogstens een erf per koper en dat die reservering van eiendomme vir 'n bepaalde koper beperk sal word tot 'n periode van hoogstens een kalendermaand.

7.7 KOMMENTAAR IN VERBAND MET DIE VOORGESTELDE UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 495, YZERFONTEIN (15/3/3-14)

Die Raad het in Mei 2018 goedkeuring verleen vir die uit-die-hand vervreemding van erf 495, Yzerfontein (groot 107 m²) aan die aanliggende eienaar, *Blue Moontlight 61 Pty Ltd*, vir konsolidasie met erf 115, Yzerfontein.

Een van die voorwaardes van vervreemding was dat daar 'n publieke deelname proses gevolg word en dat indien enige kommentaar ontvang word, dit deur die Uitvoerende Burgemeester oorweeg sal word. Kommentaar is vanaf twee beswaarmakers ontvang en word volledig in die verslag toegelig.

BESLUIT

(a) Betreffende die skrywe van die Thor Halvorsen Familie Trust:

(i) Dat daar volstaan word met die koopprys wat bepaal is vir die vervreemding van 'n gedeelte van Erf 495, Yzerfontein (groot ± 107 m²) aan *Blue Moonlight 61 Pty Ltd*, soos goedgekeur deur die Raad op 30 Mei 2018, vir die volgende redes:

- Gemelde gedeelte van Erf 495 is oortollige straatreserwe met 'n nominale randwaarde;
- Die grond, as gevolg van konsolidasie met Erf 115, 'n markverwante inkomste vir die Munisipaliteit sal bewerkstellig sodra die bouwerke op die gekonsolideerde eiendom by wyse van 'n aanvullende waardasie bepaal (en dus belas sal word);

(ii) Dat die beswaarmaker dienooreenkomstig in kennis gestel word, en ook ingelig word van die voorwaardes van die transaksie soos na verwys in paragraaf 1.3 (ii) & (iii) hierbo;

(b) Betreffende die skrywe van Mnr W J Smit:
Dat die kommentaar van die verskillende departemente soos vervat in die verslag aanvaar en op skrif gestel word ter beantwoording van Mnr W J Smit se skrywe;

7.7/…

(c) Dat daar goedkeuring verleen word vir oordrag van die kapitale bate (gedeelte Erf 495) aan *Blue Moonlight 61 Pty Ltd.*

7.8 RIVERLANDS 36 BEHUISINGSPROJEK (FASE 2): LYS VAN BEGUNSTIGDES (12/2/B)

Die Riverlands Behuisingsprojek beskik oor ’n Fase 2 wat nie tydens die aanvanklike implementering van die behuisingsprojek afgehandel kon word nie, omrede 14 erwe (fase 2) nog nie oor dienste beskik het nie.

Die Munisipaliteit het gedurende die 2016/2017 uit eie fondse die nodige dienste aangebring ten bedrae van R835 391,00 en kan die betrokke eiendomme nou aan begunstigdes oorgedra word.

Die Raad het in Mei 2018 besluit, onder andere, dat die eiendomme slegs vervreem mag word aan hetsy die bestaande bewoners (mits hulle as eerstehuiskopers kwalifiseer) en aan kwalifiserende begunstigdes volgende die Riverlands-behuisings-waglys, maar met die verstande dat die besonderhede van die begunstigdes wat geïdentifiseer word aan die Raad voorgelê word vir bekragtiging.

BESLUIT

(a) Dat die Raad die aangehegde lys van begunstigdes vir die Riverlands Behuisingsprojek Fase 2 goedkeur.

(b) Dat die Behuisingsafdeling getaak word om die betrokke begunstigdes by te staan om aansoek te doen vir subsidies onder die individuele behuisingskema van die Departement Menslike Nedersettings, en om leiding te bied aan diegene wat volgens hul inkomste om privaat finansiering sal moet aansoek doen.

7.9 OORSKRYDING VAN ERFGRENS: ERF 241, MOORREESBURG (15/3/1)

Die Boubeheerafdeling skenk tans oorweging aan ’n bouplan wat ontvang is vir aanbouings by ’n bestaande woonhuis op erf 241, geleë op die hoek van Tuin- en Pleinstraat, Moorreesburg.

Die nuwe eienaar het ’n grensmuur aangebring in lyn met dié van ander wonings in die betrokke straat wat ook reeds die sypaadjie oorskry.

Die gedeelte (groot ±85 m²) waarop oorskry word, is padreserwe.

BESLUIT

(e) Dat goedkeuring verleen word dat die oorskrydingsooreenkoms soos vervat in Aanhangsel B met Mnr W P Moore, eienaar van erf 241, Moorreesburg gesluit word vir ‘n termyn van tien jaar, ten bedrae van R100,00 plus BTW per jaar;

(f) Dat die besonderhede van die oorskryding aan geaffekteerde eienaars in die omgewing van erf 241 bekend gemaak word, en die Direkteur: Ontwikkelingsdienste met volmag beklee word om te mag handel met enige kommentaar en/of besware wat ontvang mag word.

7.10 AANBOD OM ERF 10395, MALMESBURY TERUG TE KOOP (12/2/5/4-8/16)

Erf 10395 is in Maart 2007 tydens ’n sg. ‘pre launch’ veiling van die 65 woonerwe in Dalsig, aan A H B Potgieter verkoop.

Daar bestaan ’n voorkoopsreg op die erf, soos verduidelik in die verslag, en het die eienaar toestemming vanaf die Munisipaliteit deur middel van prokureurs Lionel Frank & Seun versoek om oordrag van die erf aan ’n privaat koper te bewerkstellig.

7.10/...

BESLUIT

(a) Dat die Munisipaliteit, soos ten opsigte van vorige aansoeke, afstand doen van sy voorkoopsreg met betrekking tot erf 10395, Malmesbury, aangesien die eienaar reeds ‘n gewillige koper het daarvoor, en daar ook nie tans begroot is vir die terugkoop van die eiendom nie;

(b) Dat Mnr AHB Potgieter gevolglik toestemming verleen word om erf 10395, Malmesbury privaat te mag vervreem;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om te handel met aansoeke vir afstanddoening van die Munisipaliteit se voorkoopsreg, ten aansien van vakante eiendomme geleë te Dalsig, onderhewig daaraan dat hy vir kennisname aan die burgemeesterskomitee sal rapporteer ten opsigte van elke geval waarmee gehandel is.

7.11 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury Rolbalfasiliteite aan die Malmesbury Rolbalklub op ’n jaar tot jaar basis.

Die huurooreenkoms verstryk op 30 September 2018.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalklub (ten opsigte van die rolbal fasiliteite) aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir `n tydperk van 12 maande;

(b) Dat die huurgeld R120.00 (plus BTW) per jaar sal beloop;

(c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

7.12 HUUROOREENKOMS: ABBOTSDALE CHRISTIAN FELLOWSHIP (17/9/2/R)

Die Raad beskik oor ’n skeepsvraghouer, geleë op erf 213 Abbotsdale, wat nie tans beset word nie. ’n Aansoek is vanaf die Christian Fellowship ontvang om die skeepsvraghouer te gebruik vir aktiwiteite wat vir die jeug aangebied word.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Abbotsdale Christian Fellowship aangegaan word vir die huur van die skeepsvraghouer te erf 213 Abbotsdale, vir `n periode wat nie 12 maande sal oorskry nie;

(b) Dat ‘n nominale huurtarief van R120.00 (plus BTW) per jaar, gehef sal word;

(c) Dat Swartland Munisipaliteit geen opgradering sal onderneem om die toestand van die skeepsvraghouer te verbeter nie en dat geen meublement of ander toerusting beskikbaar gestel sal word nie.

7.13 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2018 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Augustus 2018.

7.14 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

7.14/...

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Augustus 2018 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.15 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 30 September 2018 tot 30 Oktober 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER